# Redaksionele voorwoord

Met hierdie uitgawe word 'n nuwe kleurvolle ontwerp van die omslag van *Acta Academica* ingewy. Die verandering dui op meer as bloot viering van veertig jaar in die lewe van die tydskrif. Sedert 1994 het daar jaarliks drie gewone uitgawes van die tydskrif, asook minstens een Supplementum verskyn. Vanjaar egter word teruggekeer na publikasie op kwartaalbasis, terwyl daar steeds Supplementa op aanvraag en volgens die inisiatief van gasredakteurs gepubliseer sal word.

Die Redaksie herbevestig die identiteit van *Acta Academica* as 'n algemene navorsingstydskrif in die terrein van die geesteswetenskappe, menswetenskappe en verwante interdissiplinêre rigtings. Weens 'n stygende ooraanbod van artikels uit die opvoedkunde is besluit dat nie meer as twee artikels uit 'n bepaalde vakgebied in dieselfde uitgawe geplaas sal word nie. Voorts word daar weens die algemene aard van die tydskrif 'n voorkeur verklaar vir teoretiese ondersoeke, filosofiese nadenke en aktuele kommentaar, eerder as gespesialiseerde empiriese oorsigte en verslaggewing wat in vaktydskrifte hoort.

Laastens dui die nuwe omslag ook op voortgaande beplanning met oog op die herposisionering van die tydskrif ten opsigte van nuwe moontlikhede in die veld van digitale publikasie. In hierdie verband kan die skrywers en lesers van *Acta Academica* verdere veranderings te wagte wees.

# Editorial preface

This volume sees the inauguration of a new and more colourful design of the cover of *Acta Academica*. The change signals more than just celebration of forty years in the life of the journal. Since 1994 three regular editions of the journal as well as at least one Supplementum edition have been appearing annually. This year, however, we return to publication on quarterly basis, while Supplementa will still be published on demand according to the initiative of guest editors.

The Editorial Board reaffirms the identity of *Acta Academica* as a research journal in the domain of the humanities, human sciences and related interdisciplinary fields. Responding to a growing oversupply of articles from the educational field it has been decided not to carry more than two articles from any single field in the same edition of the journal. Furthermore, due to the journal's general nature, a preference is declared for theoretical investigations, philosophical reflections and topical commentary rather than empirical surveys and reports more at home in subject-specific journals.

Finally, the new cover also signifies ongoing planning to reposition the journal with respect to new possibilities opening in the field of digital publication. The authors and readers of *Acta Academica* may expect further changes in this regard.